

DOELWIT: Lees, interpreteer en teken 'n piktogram.

HULPBRONNE: Skryfpapier; Skryfbehoeftes; Internet; Handboek (*Almal Verstaan Wiskunde*)

LES:

1. Hoofreken:

Doen die volgende somme (mondelings/skriftelik).

$5 \times 11 =$	$12 \times 3 =$	$1 \times 1 =$	$2 \times 11 =$
$2 \times 11 =$	$12 \times 5 =$	$12 \times 3 =$	$9 \times 8 =$
$60 \div 6 =$	$2 \times 4 =$	$16 \div 4 =$	$11 \times 12 =$
$33 \div 3 =$	$4 \times 6 =$	$6 \times 4 =$	$6 \div 1 =$
$12 \div 4 =$	$9 \div 9 =$	$108 \div 12 =$	$54 \div 9 =$



2. Aktiwiteite:

2.1. Klik op die onderstaande webskakel om weer na Les 1 se video te kyk. Let veral op hoe piktogramme geteken word.




Datahantering: <https://www.youtube.com/watch?v=1EfdymMTokw>

2.2. Ons gaan vandag net op **piktogramme** fokus. Jy het dit reeds in Gr.4 en Gr.5 behandel.

BELANGRIKE KONSEPTE:

- 'n **Piktogram** kan ook 'n **prentgrafiek** genoem word.
- 'n **Piktogram** is 'n grafiek wat deur die gebruik van **prentjies (simbole)** data aandui.
- Kyk na die onderstaande **VOORBEELD** en let op watter elemente (dinge) moet teenwoordig wees:


Gr.6-leerders se gunsteling sportsoorte



2.3. Gebruik die bostaande piktogram en beantwoord die volgende vrae.

- a) Watter inligting is ingesamel?
- b) Hoeveel leerders neem aan elke sportsoort deel?
- c) Hoeveel leerders het aan die opname deelgeneem?
- d) Hoeveel meer leerders neem aan rugby as aan sokker deel?

2.4. Gebruik jou tellingtabel (**Aktiwiteit 1 Bl.60 no.2**) van gister en **teken 'n piktogram**.

Gebruik die volgende simbool ('n asblik):  = 2 stukkies rommel

ANTWOORDE:








1. Hoofreken:

$$\begin{array}{cccc}
 5 \times 11 = 55 & 12 \times 3 = 36 & 1 \times 1 = 1 & 2 \times 11 = 22 \\
 2 \times 11 = 22 & 12 \times 5 = 60 & 12 \times 3 = 36 & 9 \times 8 = 72 \\
 60 \div 6 = 10 & 2 \times 4 = 8 & 16 \div 4 = 4 & 11 \times 12 = 132 \\
 33 \div 3 = 11 & 4 \times 6 = 24 & 6 \times 4 = 24 & 6 \div 1 = 6 \\
 12 \div 4 = 3 & 9 \div 9 = 1 & 108 \div 12 = 9 & 54 \div 9 = 6
 \end{array}$$

2. Aktiwiteite:

- 2.3. a) Gr.6-leerders se gunsteling sportsoorte
 b) Rugby: $8 \times 20 = 160$
 Netbal: $8 \times 20 = 160$
 Tennis: $4 \times 20 = 80$
 Hokkie: $20 + 20 + 10 = 50$ (Die halwe mannetjie het die helfte van 20 voorgestel = 10)
 Sokker: $6 \times 20 = 120$
 c) $160 + 160 + 80 + 50 + 120 = 570$ leerders
 d) $160 - 120 = 40$ meer leerders

2.4.

Rommel wat tydens pouse opgetel is	Aantal
Papier	
Potlode	
Bokse	
Boeke	
Toebroodjies	
Lekkergoedpapiere	
Appelstronke	
Piesangskille	